| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **455/04**
Datum gelewer: / Date delivered: **17/09/2004**

In die saak van:

**DIE STAAT**

en

**MAROO, BOETIE**
**ROBERTS, HENTIE**
**STADHOUER, FIELIES**

*Coram: Majiedt R et Lacock R*

---

## UITSPRAAK OP HERSIENING

---

**LACOCK R:**

1] Die beskuldigde, mnr. Boetie Maroo, het op 23 Junie 2004 in die Landdroshof, Hanover, skuldig gepleit aan die misdryf van diefstal, gelees met die toepaslike bepalings van Wet 57 van 1959, deurdat hy na bewering twee skape gesteel het. Nadat hy behoorlik deur die Landdros ingevolge die voorskrifte van

art. 112 (1) (b) van Wet 51 van 1977, ondervra is, is hy op die ten laste gelegde misdryf skuldig bevind. Die skuldigbevinding het behoorlik ooreenkomstig die reg geskied.

2] Op 1 September 2004 is die beskuldigde op die voormelde aanklag gevonnis tot twaalf (12) maande gevangenisstraf.

3] Met die deursending van die saakrekord op hersiening, het die Landdros die volgende skrywe aan die Griffier gerig:

> "Bogenoemde is die nommer 1 beskuldigde in die aangehegte saak en is gevonnis tot twaalf (12) maande gevangenisstraf. Tydens die lees van die saak rekord alvorens dit met hersiening afgestuur word het ek bedenkinge gekry oor die vonnis van Mnr Boetie Maroo en wel om die volgende redes:
>
> *1) Hy het skuldig gepleit;*
> *2) Hy het geen vorige veroordelings nie – anders as beskuldigdes 2 en 4;*
> *3) Hy is sedert 2004.04.22 in hegtenis- m.a.w. tydens die afhandeling op 2004.09.01 reeds 4 maande.*
>
> *Onder die gegewe omstandighede is ek van mening dat Mnr Maroo se vonnis in geheel opgeskort moes gewees het.*

*Gevolglik word die Agbare Hersienings Regter respekvol versoek om Mnr Boetie Maroo se vonnis van twaalf (12) gevangenisstraf in geheel op te skort op die gewone voorwaardes."*

[31] Gesien die omstandighede soos uiteengesit in die voormelde skrywe van die Landdros, is ek van mening dat die vonnis die beskuldigde aanvanklik opgelÍ, skokkend swaar en onvanpas is. Ek deel vervolgens die siening van die Landdros dat die vonnis in die geheel opgeskort moes gewees het.

4] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

**I] Die skuldigbevinding word bekragtig.**

**II] Die vonnis die beskuldigde opgelê word ter syde gestel en vervang met die volgende:**

**"Twaalf (12) maande gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort word vir 'n periode van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal of 'n misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie."**

**III] Die vonnis word terugdateer na 1 September 2004.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

SA Majiedt
**REGTER**